

# Sondag 16 Augustus 2020

Skriflesing: Matt.5 13-14; 6: 1-4

**Tema: Eendag, eendag word die honger gestil...?**

Ek ken Koos du Plessis se liedere baie goed, maar op een of ander manier is hierdie een nie baie bekend nie. Sowat twee weke gelede soort van daarop afgekom toe ek oor vandag begin nadink het.

Lied vertel van realiteit waarin ons leef en die soek na Utopia – ‘n plek van die hoogste volmaaktheid en veral met betrekking tot wette, regering en maatskaplike toestande”.

**Eendag – Koos du Plessis**

Dood skryf met bloed aan die wêreldkronieke  
Want die slag om Utopia gaan voort  
Die maag word gevul met debat en replieke  
En al pratende pleeg mense moord  
Verkeerd lyk so reg, en die erns is laf en die waarheid klink net soos die leuen  
Maar sou ‘n kind vra waarop stuur dit tog af? Wat antwoord die pa dan die seun?  
Eendag word honger gestil, word profesieë vervul, sal die bloed eind’lik stol, kom die saak op die rol  
Eendag, eendag ... word die onreg gewreek, eendag eendag ... word die boeie verbreek - en eendag sal kom ... sê vir hom ... en eendag sal kom.

Maar amptelik word manke en kranke bestee en pro Deo kry die wyse ‘n sot  
Want wat sleg is, is reg, en wat reg is, moet weg  
en vyfjaarlik stem elk vir sy god.  
Want elkeen moet stem of sy rug voel die lem – vir ‘n leeu of ‘n buffel of vark  
En almal vaar mee oor ‘n kleurlose see in ‘n nuwe verchromde ou ark  
Maar eendag word honger gestil, word profesieë vervul, sal die bloed eind’lik stol, kom die saak op die rol  
Eendag eendag ... word die onreg gewreek, eendag eendag ... word die boeie verbreek  
En eendag sal kom ... sê vir hom ... en eendag sal kom ...  
Eendag eendag ... eendag eendag  
En eendag sal kom.

**Hy sing:**

**Dan vra die kind – waarop stuur dit tog af? Wat antwoord die pa dan die seun?**

En dan sê hy – die pa – eendag word honger gestil, word profesieë vervul... eendag, eendag...

As ons so rondom ons kyk – dan wonder ‘n mens. As jy hoor hoe mense praat, as jy sien

- Waar alles nog meer verkeerd loop, waar ons veral in Covid tyd,
- Meer honger mense as ooit tevore in SA sien  
In omvattende ondersoek oor impak van inperking tydens Covid-19 pandemie toon dat 2,2m Suid Afrikaners in April honger gelei het. (Nids- Cram) toon dat hongerte in April meer as verdubbel het.  
= Sowat 47% van huishoudings se geld om mee kos te koop het voor die einde van die maand opgeraak  
= Styging van 21% voor die inperking  
= Werloosheidsyfer wat voor die inperking op 30% en ons weet dat dit nou ver bo daardie persentasie is
- Ons land se skuld wat rondom die 80% trek van ons BBP. Ons boer net agteruit
- Dit is geen nutjie om te sê dat die rass spanning word op allerhande maniere opgejaag nie.
- “G..vol Suid-Afrikaners” se leier Fadiel Adams in onlangse onderhoud in die Rapport.  
= “Daar word vir die bruin kind gesê. Gaan sit om die hoek. Ons wil nie vir jou werk gee nie.”

= “Hier is al mense wat 25 jaar oud is wat huise kry en tannies wat al meer as 20 jaar wag om huise te kry. So jy moet vir my sê wat verkeerd is! Dan is dit mense wat van die Oos-Kaap wat die plekke kry”

- **BLM beweging** se reaksie onder baie mense en onder meer Francois Pienaar se ondersteuning wat selfs hegte groep soos 1995 wêreldbeker groep uitmekaar jaag omdat (my eie kommentaar) dat daar gereken word dat sekere mense deelneem net weens politieke opportunisme.
- Regering sukkel om weens politiek inkorrektheid daarvan hulle nie wil vereenselwig met **plaasmoorde** nie
- Ons het te doen met betogings oor huisvesting, munisipale dienste van veral arm gemeenskappe. Gemeenskappe wat reken dat hulle aan die agterspeen suig. Ten regte of ten onregte. Ander van reor die land maar ook vanuit Afrika wat spesifiek in die Kaap kom werk soek. Bande aan brand gestee word op paaie en een band se brand op teeroppervlakte kan tot R500 000 se sakde aanrig.
- Meer as 55 skole gevandaliseer in inperkingstyd
- Ry jy op die N2 sien jy plakkerhutte op plakkerhutte en jy weet – hierdie saak gaan nie in jaar of twee opgelos word nie. Al is daar nie korrupsie met tenders en projekte nie is dit nog amper gans onmoontlike taak om mense uit hul ellende te verlos
- Wit- en bruinmense toenemend onwelkom voel en nie voel daar is plek vir hulle nie.
- Jy vra jousef af – waar gaan dit alles heen?

**Wat antwoord die pa dan die seun? Wat antwoord die seun dan die pa as hy voel hy bly in SA en wil nie van sy familie trek nie**

- Nee pa – ons sorg maar net vir onself. Ons werk hard, bou ons eie enklawes, muur om ons huise, sorg dat ons kinders aanlyn skool, kry ekstra onderwysers en klasse dat my kind kan gaan en uitstyg bo die res en homself onmisbaar maak. As hulle dan die pad wil vat as hulle groot is kan hulle ten minste enige plek in die wêreld werk.
- Laat die res maar afbreek en voortgaan – ek gooi blinde oog en gaan aan met my lewe
- Bly hier en maak my onmisbaar in die land met my of my kinders (kleinkinders se opleiding)

**Dan antwoord Liedjieskrywer:**

Eendag word honger gestil, word profesieë vervul, sal die bloed eind’lik stol, kom die saak op die rol

**Maar hier in ons agterkop weet ons - dit nie moontlik is nie.**

- Ons bly in Afrika. Die stert van swak onderwys, ongeletterdheid, armoede, agterstande is net te groot. Dit is sal nog jare duur. Nie in hierdie geslag nie.
- Goeie Bybelkenners all sê: Jesus het immers self so gesê en staan self is OT. Die armes sal julle altyd by julle **Johannes 12:8 (afr83)** “Die armes het julle tog altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie.”

**Dit is Augustus Barmhartigheidmaand – al vir jare in die kerk**

- Onthou toe ek jong dominee (nog voor 1994) hoe ons Ringspreekbeurte gehad het om in ander gemeentes hierdie saak te gaan stel. Dit is deel van die DNA van ons kerk. Om nie net vir onself te leef nie.
- WARMhartigheid, om DEUR DIE OË VAN JESUS na mense te kyk. Dit het ons die afgelope twee Sondae gehoor

**Die armes sal julle altyd by julle hê, maar ons kyk met ANDER harte, ander oë na mense –**

- ten spyte van hoe ons somtyd voel
- natuurlikerwys wil reageer

Reaksie van vele is – los my uit en ek gaan maar net sorg dat ek mey eie ding doen.

**Die woord en begrip het ek leerken hier rondom 1994, met die oorgang na di enuwe regering – INNERLIKE EMIGRASIE**

Wat maak mens as dinge nie, as jy di tnie meer kan uithou nie? Jy emigreer:

- Om te emigreer is om te beweeg - daadwerklik, fisies erêns na ander plek

### **Om innerlik te emigreer is om te emigreer nie na buiteland nie, maar INNERLIKE, na binne**

- Mense verhuis. Gaan woon elders, nie in die buiteland nie, maar in die privaatheid van hul eie hart en wêreld
- Dikwels vind die werklike emigrasie nooit plaas nie – en tog leef die mense ten dieptste elders.
- Mense onttrek hulle aan die samelewing en speel na buite nog saam, maar hulle staan eintlik afsydig. Niks raak hulle meer nie. Besorg en medeverantwoordleik voel hulle nie. Hulle leef in die privaatheid van hulle huis, familiekring en vriendekring.
- Hulle sorg vir hulleself, hul eie belange en hulle kinders. Hulle benut die voordele van die samelewing na die beste van hulle vermoë
- Dit is nie dat hulle dat hulle daarna streef om die samelewing beter wil maak nie, maar al waaroor dit gaan is hulle eie belange. Hulle sorg net vir hulleself

Matt baie duidelik dat onse natuurlike insituïte kan navolging nie. Kan onttrek nie.

- Matt 5: 13. Ons moet LIG vir die wêreld en SOUT vir die aarde wees. Gelowiges moet hul invloed laat geld. Lig kan versker nie weggesteek word nie. Laat julle lig so skyn dat diemense julle goeie werke kan sien

**Kom Matt 6 en sê in vers 2 dat ons nie as ons armes help dit moet uitbasuim nie.** Dit is skynheilige mense wat dit so doen. Jou linkderhand moet nie weet wat die regterhand doen nie

**Hier gaan dit ten diepste oor ons GESINDHEID.**

- Ek kan goed doen, bydaag gee, my beursie oopmaak, maar ek het nie WARM hart nie.
- Ek kan diensbaar wees en gee, maar my hart kan ver daarvan wees
- In die naam van Christus kan diensbaar wees, goed doen, baie gelowig wees, maar ten diepste veins.
- My hart breek as ek hoor hoe rassities onse eie mense veral in die tyd kan raak. Kyk hoe steel hulle, hulle kan niks onderhoud nie, hulle breek net af, kan nie regeer nie. Hoe daar afgepraat raak op mense van ander velkleur.

**As Jesus dus sê – die een hand moet nie weet wat die ander hand doen nie, gaan dit ten diepste oor my MOTIEWE. Wat lê agter my naastediens, my barmhartigheid**

Why het verlede week verwys na hoe ons mense sien. En dat ons deur die oë van Jesus na mense moet kyk. Ek wil twee voorbeelde noem:

**1. Haweloses:** Dit is vir my steen des aanstoots as ek sien hoe die skuilings en selfs tente opgeslaan word veral onder in Durbanville area met al die gevolglike gesondheids- en veiligheids gevolge wat dit tot gevolg het as dit nie beheer word nie. Kan nie toegelaat word nie

- Ek het met van die mense te doen gekry toe groep olv MES by twee geleenthede in ons kerkkompleks geslaap het.
- Die dankbaarheid. Hulle is ook kinders van ouers en het ook self kinders. Elkeen met eie verhaal
- Daarom is ons dankbaar om daarmee hand uit te steek. As gemeente. Gekyk hoe haweloses saapplek en matras geniet. Soos ek wat op wit lakens slaap in duur hotel of gastehuis.

**2. Blootstelling:** Elkeen van ons wat hier kyk het op een of ander manier mense wat in hulle diens is. Of in tuin of huishulp of selfs wat vir ons kinders werk. Hoeveel van ons was al, of kom gereeld in area waar hulle bly? Was sal in die huise en die omstandighede waar ons mense bly. Daar gaan sit. Dit verander jou.

### **Om met oop hande te leef**

Wat gun ons vir onself en hoe leef ek met oop hande

- **Spreekwoord:** Die paradysvoël kom sit op die hand van die een wat dit nie vashou nie

- Vir wie moet jy jou hand oopmaak?

Of ons kan redeneer. Aan al die armoede, swak onderwys, ellende in SA sal ek nie veel kan doen nie. Of ons kan dit ook van ander kant o af kyk en sê – as ek kan aanhak by dit waarmee ons begin het:

- Vir wie kan ek tot seën wees? Dit kan individueel wees of deur die medium van ons gemeente
- Hier is vele van ons seniors en dames wat besig is met **breiwerk**. Ek kry gereeld terugvoer van Pieter Pienaar – haan onder die henne. Hulle bly alleen en sien in lockdown omtrrent niemand. Hy en al die breidames seë op hierdi eomblik minder bevoorregte kiinders met musse en serpe wat hulle brei
- **Wynveiling**: Miskien het jy verelde jaar deel gewees daaraan. Ons was in staat om tweede huis vir seniors in Ruiterswacht te koopverelde jaar. Waar minder bevoorregte seniors van Ruiterswacht in 'n tweede huis investign kon kry wat deur die senior sentrum bestuur word. Jou hart verander as jy in die omgewing of in die huise kom
- So is jou bydaë vir die gemeente vir die **gespesialiseerde pos van ds Why**, my kollegas – een wat insiatief neem en aan leiding staan van al die projekte wat oin osn gemeente geloots word. Positief gekyk kan sê dat osn in SA geseën is met vele geleenthede

### Seesterre

Daar is die bekende storie van die seuntjie wat vroeg in die oggend op die stand gestaan het en seesterre (“starfishes”) in die see staan en terug gooi het. Ouer persoon het verby geloop en gesê dit help tog nie. Daar is hopeloos te veel, duisende en as die son opkom sal hulle doodgaan, tensy jy hulle in die water gooi. Seuntjie het gebuk, een opgetel geglimlag en gesê: “Ek maak 'n verskil aan hierdie een!”

**As die seun dus vra:** Waarop stuur dit tog af...? kan elkeen van ons antwoord: Eendag eendag, nee vandag vandag – maak ek en jy verskil aan een persoon

Ons leef met OOP HANDE omdat die Here ONS ANDERS LAAT KYK en ons HARTE WARM IS

### Gebed

Here, ek is so bang om my toegevuiste hande oop te maak,  
want wie sal ek wees as ek niks meer het om aan vas te klou nie?

Wie sal ek wees as ek voor u staan met leë hande?

Help my asseblief om my hande oop te maak en te ontdek

ek is nie wat ek het of besit nie.

Ek is wat U my wil gee

en wat U my wil gee, is liefde -

onvoorwaardelike, ewigduerende liefde.

Amen.

Henri Nouwen